



Government Gazette Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 437 Cape Town, 29 November 2001 No. 22876
Kaapstad,

THE PRESIDENCY

No. 1253 29 November 2001

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

No. 37 of 2001: Diplomatic Immunities and Privileges Act, 2001.

DIE PRESIDENSIE

No. 1253 29 November 2001

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 37 van 2001: Wet op Diplomatieke Immuniteite en Voorregte, 2001.



AIDS HELPLINE: 0800-123-22 Prevention is the cure

(English text signed by the President.)
(Assented to 22 November 2001.)

ACT

To make provision regarding the immunities and privileges of diplomatic missions and consular posts and their members, of heads of states, special envoys and certain representatives, of the United Nations, and its specialised agencies, and other international organisations and of certain other persons; to make provision regarding immunities and privileges pertaining to international conferences and meetings; to enact into law certain conventions; and to provide for matters connected therewith.

ARRANGEMENT OF SECTIONS

1. Definitions
2. Conventions have force of law
3. Immunities and privileges of diplomatic missions and consular posts, and of members of such missions and posts
4. Immunities and privileges of heads of state, special envoys and certain representatives
5. Immunities and privileges of the United Nations, specialised agencies and other international organisations
6. Immunities and privileges pertaining to international conferences or meetings convened in the Republic
7. Conferment of immunities and privileges
8. Waiver of immunities and privileges
9. Register of persons entitled to immunities or privileges
10. Restriction on immunities, privileges and exemptions
11. Adjustment of loss of revenue to municipalities and statutory public utility organisations
12. Acquisition, construction, relocation, renovation, replacement, extension or lease of immovable property in the Republic
13. Liability insurance requirements
14. Regulations
15. Offences and penalties
16. Repeal of laws
17. Short title and commencement

Schedule 1

Vienna Convention on Diplomatic Relations, 1961

Schedule 2

Vienna Convention on Consular Relations, 1963

Schedule 3

Convention on the Privileges and Immunities of the United Nations, 1946

Schedule 4

Convention on the Privileges and Immunities of the Specialised Agencies, 1947

WET OP DIPLOMATIEKE IMMUNITEITE
EN VOORREGTE, 2001

Wet No. 37, 2001

*(Engelse teks deur die President geteken.)
(Goedgekeur op 22 November 2001.)*

WET

Om voorsiening te maak betreffende die immuniteite en voorregte van diplomatieke missies en konsulêre poste en hulle lede, van hoofde van state, spesiale gesante en sekere verteenwoordigers, van die Verenigde Nasies, en sy gespesialiseerde agentskappe, en ander internasionale organisasies en van sekere ander persone; om voorsiening te maak betreffende immuniteite en voorregte rakende internasionale konferensies en vergaderings; om sekere konvensies as wetgewing te verorden; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

INDELING VAN ARTIKELS

1. Woordomskrywing
2. Regskrag van Konvensies
3. Immuniteite en voorregte van diplomatieke missies en konsulêre poste, en van lede van sodanige missies en poste
4. Immuniteite en voorregte van hoofde van state, spesiale gesante en sekere verteenwoordigers
5. Immuniteite en voorregte van die Verenigde Nasies, gespesialiseerde agentskappe en ander internasionale organisasies
6. Immuniteite en voorregte rakende internasionale konferensies of vergaderings wat in Republiek gehou word
7. Verlening van immuniteite en voorregte
8. Afstanddoening van immuniteite en voorregte
9. Register van persone geregtig op immuniteite of voorregte
10. Bepierking op immuniteite, voorregte en vrystellings
11. Aansuiwering van verlies aan inkomste vir plaaslike owerhede en statutêre openbare utiliteitsorganisasies
12. Verkryging, konstruksie, hervestiging, opknapping, vervanging, uitbreiding of huur van onroerende eiendom in Republiek
13. Vereistes vir aanspreeklikheidsversekering
14. Regulasies
15. Misdrywe en strawwe
16. Herroeping van wette
17. Kort titel en inwerkingtreding

Bylae 1

Weense Konvensie op Diplomatieke Betrekkinge, 1961

Bylae 2

Weense Konvensie op Konsulêre Betrekkinge, 1963

Bylae 3

Konvensie op die Voorregte en Immuniteite van die Verenigde Nasies, 1946

Bylae 4

Konvensie op die Voorregte en Immuniteite van die Gespesialiseerde Agentskappe, 1947

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Definitions

1. In this Act, unless the context indicates otherwise—
 - (i) **“Director-General”** means the Director-General: Foreign Affairs; 5
 - (ii) **“Minister”** means the Minister of Foreign Affairs;
 - (iii) **“municipality”** means a municipality established in terms of Chapter 2 of the Local Government Municipal Structures Act, 1998 (Act No. 117 of 1998);
 - (iv) **“organisation”** means an intergovernmental organisation of which two or more states or governments are members and which the Minister has 10 recognised for the purposes of this Act;
 - (v) **“regulation”** means a regulation made under section 13;
 - (vi) **“special envoy or representative”** means a person duly authorised by the sending state, government or organisation to undertake a special mission or task in the Republic on behalf of such state, government or organisation; 15
 - (vii) **“specialised agency”** means any agency contemplated in paragraph (ii) of section 1 of Article I of the Convention on the Privileges and Immunities of the Specialised Agencies, 1947, and which the Minister has recognised for purposes of this Act;
 - (viii) **“the Convention on the Privileges and Immunities of the Specialised Agencies, 1947”** means the Convention on the Privileges and Immunities of the Specialised Agencies, adopted on 21 November 1947, as may be applicable in the Republic in accordance with the reservations made by South Africa upon its accession thereto and which is set out in Schedule 4 to this Act; 20
 - (ix) **“the Convention on the Privileges and Immunities of the United Nations, 1946”** means the Convention on the Privileges and Immunities of the United Nations, adopted on 13 February 1946, as may be applicable in the Republic in accordance with the reservations made by South Africa upon its accession thereto and which is set out in Schedule 3 to this Act; 25
 - (x) **“the Conventions”** means the Convention on the Privileges and Immunities of the United Nations, 1946, the Convention on the Privileges and Immunities of the Specialised Agencies, 1947, the Vienna Convention on Diplomatic Relations, 1961, and the Vienna Convention on Consular Relations, 1963; 30
 - (xi) **“the Vienna Convention on Consular Relations, 1963”** means the Vienna Convention on Consular Relations, 1963, signed at Vienna on 24 April 1963, 35 and which is set out in Schedule 2 to this Act;
 - (xii) **“the Vienna Convention on Diplomatic Relations, 1961”** means the Vienna Convention on Diplomatic Relations, 1961, signed at Vienna on 18 April 1961, and which is set out in Schedule 1 to this Act;
 - (xiii) **“this Act”** includes the regulations. 40

Conventions have force of law

2. (1) Subject to the provisions of this Act, the Conventions have the force of law in the Republic.
- (2) For the purposes of the Conventions—
 - (a) **“grave crime”** means any offence for which a person may on conviction be 45 sentenced to imprisonment for five years or more; and
 - (b) **“member of a family”** means—
 - (i) the spouse;
 - (ii) any unmarried child under the age of 21 years;
 - (iii) any unmarried child between the ages of 21 and 23 years who is 50 undertaking full-time studies at an education institution; and
 - (iv) any other unmarried child or other family member officially recognised as a dependant member of the family by the government of the sending State, the United Nations, a specialised agency or an organisation, and who is issued with a diplomatic or official passport. 55

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Woordomskrywing

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—
 - (i) **“die Konvensies”** die Konvensie op die Voorregte en Immuniteite van die Verenigde Nasies, 1946, die Konvensie op die Voorregte en Immuniteite van die Gespesialiseerde Agentskappe, 1947, die Weense Konvensie op Diplomatieke Betrekkinge, 1961, en die Weense Konvensie op Konsulêre Betrekkinge, 1963;
 - (ii) **“die Konvensie op die Voorregte en Immuniteite van die Gespesialiseerde Agentskappe, 1947”** die bepalings van die Konvensie op die Voorregte en Immuniteite van die Gespesialiseerde Agentskappe, wat op 21 November 1947 aangeneem is, soos van toepassing in die Republiek in ooreenstemming met die voorbehoude wat Suid-Afrika met sy toetrede daartoe gestel het en wat in Bylae 4 van hierdie Wet uiteengesit word;
 - (iii) **“die Konvensie op die Voorregte en Immuniteite van die Verenigde Nasies, 1946”** die bepalings van die Konvensie op die Voorregte en Immuniteite van die Verenigde Nasies, wat op 13 Februarie 1946 aangeneem is, soos van toepassing in die Republiek in ooreenstemming met die voorbehoude wat Suid-Afrika met sy toetrede daartoe gestel het en wat in Bylae 3 van hierdie Wet uiteengesit word;
 - (iv) **“die Weense Konvensie op Diplomatieke Betrekkinge, 1961”** die bepalings van die Weense Konvensie op Diplomatieke Betrekkinge, 1961, onderteken te Wenen op 18 April 1961, wat in Bylae 1 by hierdie Wet uiteengesit word;
 - (v) **“die Weense Konvensie op Konsulêre Betrekkinge, 1963”** die bepalings van die Weense Konvensie op Konsulêre Betrekkinge, 1963, onderteken te Wenen op 24 April 1963, wat in Bylae 2 by hierdie Wet uiteengesit word;
 - (vi) **“Direkteur-generaal”** die Direkteur-generaal: Buitelandse Sake;
 - (vii) **“gespesialiseerde agentskap”** enige agentskap wat geïdentifiseer is in paragraaf (ii) van Afdeling 1 van Artikel I van die Konvensie op die Voorregte en Immuniteite van die Gespesialiseerde Agentskappe, 1947, en wat deur die Minister vir die doeleindes van hierdie Wet erken is;
 - (viii) **“hierdie Wet”** ook die regulasies;
 - (ix) **“Minister”** die Minister van Buitelandse Sake;
 - (x) **“munisipaliteit”** ’n munisipaliteit gevestig kragtens Hoofstuk 2 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998);
 - (xi) **“regulasie”** ’n regulasie uitgevaardig kragtens artikel 13;
 - (xii) **“organisasie”** ’n tussenregeringsorganisasie waarvan twee of meer state of regerings lede is, en wat die Minister vir doeleindes van hierdie Wet erken het;
 - (xiii) **“spesiale gesant of verteenwoordiger”** ’n persoon wat behoorlik gemagtig is deur die senderstaat, regering of organisasie om ’n spesiale missie of taak ten behoeve van sodanige staat, regering of organisasie in die Republiek te onderneem.

Konvensies geniet regs krag

2. (1) Behoudens die bepalings van hierdie Wet, het die Konvensies regs krag in die Republiek.

(2) By die toepassing van die Konvensies beteken—

- (a) **“ernstige misdryf”** ’n misdryf waarvoor iemand by skuldigbevinding gevangenisstraf van vyf jaar of meer opgelê kan word; en
- (b) **“lid van ’n familie”**—
 - (i) die gade;
 - (ii) enige ongetroude kind onder die ouderdom van 21 jaar;
 - (iii) enige ongetroude kind tussen die ouderdomme van 21 en 23 jaar wat voltyds studeer aan ’n opvoedkundige inrigting; en
 - (iv) enige ander ongetroude kind of ander familielid wat amptelik erken word as ’n afhanklike lid van die familie deur die regering van die senderstaat, die Verenigde Nasies, ’n gespesialiseerde agentskap of ’n organisasie, en aan wie ’n diplomatieke of amptelike paspoort uitgereik is.

Immunities and privileges of diplomatic missions and consular posts, and of members of such missions and posts

3. (1) The Vienna Convention on Diplomatic Relations, 1961, applies to all diplomatic missions and members of such missions in the Republic.

(2) The Vienna Convention on Consular Relations, 1963, applies to all consular posts and members of such posts in the Republic. 5

Immunities and privileges of heads of state, special envoys and certain representatives

4. (1) A head of state is immune from the criminal and civil jurisdiction of the courts of the Republic, and enjoys such privileges as— 10

(a) heads of state enjoy in accordance with the rules of customary international law;

(b) are provided for in any agreement entered into with a state or government whereby immunities and privileges are conferred upon such a head of state; or

(c) may be conferred on such head of state by virtue of section 7(2). 15

(2) A special envoy or representative from another state, government or organisation is immune from the criminal and civil jurisdiction of the courts of the Republic, and enjoys such privileges as—

(a) a special envoy or representative enjoys in accordance with the rules of customary international law; 20

(b) are provided for in any agreement entered into with a state, government or organisation whereby immunities and privileges are conferred upon such special envoy or representative; or

(c) may be conferred on him or her by virtue of section 7(2).

(3) The Minister must by notice in the *Gazette* recognise a special envoy or representative for the purposes of subsection (2). 25

Immunities and privileges of United Nations, specialised agencies and other international organisations

5. (1) The Convention on the Privileges and Immunities of the United Nations, 1946, applies to the United Nations and its officials in the Republic. 30

(2) The Convention on the Privileges and Immunities of the Specialised Agencies, 1947, applies to any specialised agency and its officials in the Republic.

(3) Any organisation recognised by the Minister for the purposes of this section and any official of such organisation enjoy such privileges and immunities as may be provided for in any agreement entered into with such organisation or as may be conferred on them by virtue of section 7(2). 35

(4) Any organisation contemplated in this section is vested with the legal capacity of a body corporate in the Republic to the extent consistent with the instrument creating it.

Immunities and privileges pertaining to international conferences or meetings convened in Republic 40

6. (1) The officials and experts of the United Nations, of any specialised agency and of any organisation, and representatives of any state, participating in an international conference or meeting convened in the Republic enjoy for the duration of the conference or meeting such privileges and immunities as—

(a) are specifically provided for in the Convention on the Privileges and Immunities of the United Nations, 1946, or the Convention on the Privileges and Immunities of the Specialised Agencies, 1947, as the case may be, in respect of the participation in conferences and meetings; 45

WET OP DIPLOMATIEKE IMMUNITEITE
EN VOORREGTE, 2001

Wet No. 37, 2001

Immunitete en voorregte van diplomatieke missies en konsulêre poste, en van lede van sodanige missies en poste

3. (1) Die Weense Konvensie op Diplomatieke Betrekkinge, 1961, is van toepassing op alle diplomatieke missies en lede van sodanige missies in die Republiek.

(2) Die Weense Konvensie op Konsulêre Betrekkinge, 1963, is van toepassing op alle konsulêre poste en lede van sodanige poste in die Republiek. 5

Immunitete en voorregte van hoofde van state, spesiale gesante en sekere verteenwoordigers

4. (1) 'n Hoof van 'n staat is vrygestel van die kriminele en siviele jurisdiksie van die houe van die Republiek, en geniet voorregte— 10

(a) wat hoofde van state geniet ooreenkomstig die reëls van die internasionale gewoontereg;

(b) soos bepaal in enige ooreenkoms aangegaan met 'n ander staat of regering waardeur immunitete en voorregte aan sodanige hoof van 'n staat verleen word; of 15

(c) wat verleen mag word aan sodanige hoof van 'n staat uit hoofde van artikel 7(2).

(2) 'n Spesiale gesant of verteenwoordiger van 'n ander staat, regering of organisasie is vrygestel van die kriminele en siviele jurisdiksie van die houe van die Republiek, en geniet sodanige voorregte— 20

(a) wat 'n spesiale gesant of verteenwoordiger geniet ooreenkomstig die reëls van die internasionale gewoontereg;

(b) soos bepaal in enige ooreenkoms aangegaan met 'n ander staat, regering of organisasie waardeur immunitete en voorregte aan sodanige spesiale gesant of verteenwoordiger verleen word; of 25

(c) wat verleen mag word aan hom of haar uit hoofde van artikel 7(2).

(3) Die Minister moet sodanige spesiale gesant of verteenwoordiger by kennisgewing in die *Staatskoerant* erken vir doeleindes van subartikel (2).

Immunitete en voorregte van Verenigde Nasies, gespesialiseerde agentskappe en ander internasionale organisasies 30

5. (1) Die Konvensie op die Voorregte en Immunitete van die Verenigde Nasies, 1946, is van toepassing op die Verenigde Nasies en sy beamptes in die Republiek.

(2) Die Konvensie op die Immunitete en Voorregte van die Gespesialiseerde Agentskappe, 1947, is van toepassing op die gespesialiseerde agentskappe en hulle beamptes in die Republiek. 35

(3) Enige organisasie wat deur die Minister erken word vir doeleindes van hierdie artikel en enige beampte van sodanige organisasie geniet sodanige voorregte en immunitete as waarvoor daar voorsiening gemaak mag word in enige ooreenkoms aangegaan met sodanige organisasie of wat verleen mag word uit hoofde van artikel 7(2). 40

(4) 'n Organisasie in hierdie artikel beoog, is in die Republiek bekleed met die regsbevoegdheid van 'n regspersoon, in soverre dit ooreenstem met die instrument waarby die organisasie ingestel is.

Immunitete en voorregte rakende internasionale konferensies of vergaderings wat in Republiek gehou word 45

6. (1) Die beamptes en deskundiges van die Verenigde Nasies, van enige gespesialiseerde agentskap en van enige organisasie, en verteenwoordigers van state wat deelneem aan internasionale konferensies of vergaderings wat in die Republiek gehou word, geniet vir die duur van die konferensie of vergadering sodanige voorregte en immunitete— 50

(a) as waarvoor daar uitdruklik voorsiening gemaak is in die Konvensie op die Voorregte en Immunitete van die Verenigde Nasies, 1946, of die Konvensie op die Voorregte en Immunitete van die Gespesialiseerde Agentskappe, 1947, na gelang van die geval, ten aansien van deelname aan konferensies en vergaderings; 55

Act No. 37, 2001

DIPLOMATIC IMMUNITIES AND
PRIVILEGES ACT, 2001

- (b) are specifically provided for in any agreement entered into for this purpose; or
- (c) may be conferred on any of them by virtue of section 7(2).

(2) The Minister must by notice in the *Gazette* recognise a specific conference or meeting for the purposes of subsection (1).

Conferment of immunities and privileges

5

7. (1) Any agreement whereby immunities and privileges are conferred to any person or organisation in terms of this Act must be published by notice in the *Gazette*.

(2) The Minister may in any particular case if it is not expedient to enter into an agreement as contemplated in subsection (1) and if the conferment of immunities and privileges is in the interest of the Republic, confer such immunities and privileges on a person or organisation as may be specified by notice in the *Gazette*.

10

Waiver of immunities and privileges

8. (1) A sending State, the United Nations, any specialised agency or organisation may waive any immunity or privilege which a person enjoys under this Act.

(2) For the purposes of subsection (1), any waiver by the head, or by any person who performs the functions of the head, of—

15

- (a) a mission;
- (b) a consular post;
- (c) an office of the United Nations;
- (d) an office of a specialised agency; or
- (e) an organisation,

20

must be regarded as being a waiver by the state, the United Nations, the specialised agency or the organisation in question.

(3) For the purposes of this section, a waiver must always be express and in writing.

Register of persons entitled to immunities or privileges

25

9. (1) The Minister must keep a register in which there must be registered the names of all the persons who enjoy—

- (a) immunity from the civil and criminal jurisdiction of the courts of the Republic; or
- (b) immunities and privileges in accordance with the Conventions or in terms of any agreement contemplated in section 7.

30

(2) The Minister must cause a complete list of all persons on the register to be published at least once a year in the *Gazette*.

(3) If in any proceedings in a court of law any question arises as to whether or not any person enjoys any immunity or privilege under this Act or the Conventions, a certificate under the hand or issued under the authority of the Director-General stating any fact relating to that question, is *prima facie* evidence of that fact.

35

Restriction on immunities, privileges and exemptions

10. If it appears at any time to the Minister—

- (a) that the immunities and privileges accorded to a mission of the Republic in the territory of any state, or to any person connected with any such mission, are less than those conferred in the Republic on the mission of that state, or on any person connected with that mission; or
- (b) that the exemptions granted to the Government of the Republic in the territory of any state are less than those granted by the Minister to that state,

40

45

the Minister may withdraw so much of the immunities, privileges and exemptions so accorded or granted by him or her as appears to him or her to be proper.

WET OP DIPLOMATIEKE IMMUNITEITE
EN VOORREGTE, 2001

Wet No. 37, 2001

- (b) waarvoor daar aldus uitdruklik voorsiening gemaak is in enige ooreenkoms wat vir hierdie doel aangegaan is; of
 - (c) wat verleen mag word uit hoofde van artikel 7(2).
- (2) Die Minister moet 'n spesifieke konferensie of vergadering by kennisgewing in die *Staatskoerant* erken vir doeleindes van subartikel (1). 5

Verlening van immuniteite en voorregte

7. (1) Enige ooreenkoms waarby immuniteite en voorregte aan enige persoon of organisasie verleen word ingevolge hierdie Wet, word by kennisgewing in die *Staatskoerant* gepubliseer.
- (2) Die Minister kan, indien dit in enige bepaalde geval nie dienstig is om 'n ooreenkoms aan te gaan nie en die verlening van immuniteite en voorregte in belang van die Republiek sal wees, by kennisgewing in die *Staatskoerant* sodanige immuniteite en voorregte aan 'n persoon of organisasie verleen wat aldus bepaal word. 10

Afstanddoening van immuniteite en voorregte

8. (1) 'n Senderstaat, die Verenigde Nasies, enige gespesialiseerde agentskap of organisasie kan afstand doen van enige immuniteit of voorreg wat 'n persoon kragtens hierdie Wet geniet. 15
- (2) Vir doeleindes van subartikel (1) word enige afstanddoening deur die hoof of deur enige persoon wat die funksies verrig van die hoof van— 20
- (a) 'n missie;
 - (b) 'n konsulêre pos;
 - (c) 'n kantoor van die Verenigde Nasies;
 - (d) 'n kantoor van 'n gespesialiseerde agentskap; of
 - (e) 'n organisasie,
- geag 'n afstanddoening deur die betrokke staat, die Verenigde Nasies, die gespesialiseerde agentskap of organisasie te wees. 25
- (3) Vir doeleindes van hierdie artikel moet enige afstanddoening altyd uitdruklik en skriftelik wees.

Register van persone geregtig op immuniteite of voorregte

9. (1) Die Minister moet 'n register hou waarin die name geregistreer word van alle persone— 30
- (a) wat immuniteit geniet teen die siviele en kriminele jurisdiksie van die houe van die Republiek; of
 - (b) wat immuniteite en voorregte geniet ooreenkomstig die bepalings van die Konvensies of ingevolge enige ooreenkoms beoog in artikel 7. 35
- (2) Die Minister laat ten minste een keer in elke kalenderjaar 'n volledige lys van alle persone op die register in die *Staatskoerant* publiseer.
- (3) Indien in enige verrigtinge in 'n geregshof enige vraag ontstaan of enige persoon kragtens hierdie Wet of die Konvensies enige immuniteit of voorreg geniet, is 'n sertifikaat uitgereik deur of onder die gesag van die Direkteur-generaal waarin enige feit betreffende so 'n vraag vermeld word, *prima facie*-bewys van daardie feit. 40

Beperking op immuniteite, voorregte en vrystellings

10. Indien dit vir die Minister te eniger tyd voorkom—
- (a) dat die immuniteite en voorregte wat verleen word aan 'n missie van die Republiek in die gebied van enige staat, of aan enige persoon verbonde aan enige sodanige missie, minder is as dié wat verleen word in die Republiek aan die missie van daardie staat, of aan enige persoon verbonde aan daardie missie; of 45
 - (b) dat die vrystellings wat verleen word aan die Regering van die Republiek in die gebied van enige staat minder is as dié wat deur die Minister aan daardie staat verleen word, 50
- kan die Minister soveel van die immuniteite, voorregte en vrystellings aldus deur hom of haar verleen as wat die Minister geskik ag, intrek.

Adjustment of loss of revenue to municipalities and statutory public utility organisations

11. The loss of revenue caused to any municipality or statutory public utility organisation by reason of this Act relating to exemptions from taxation, must be made good to such municipality or organisation out of funds approved by Parliament for that purpose. 5

Acquisition, construction, relocation, renovation, replacement, extension or lease of immovable property in Republic

12. (1) All foreign missions or consular posts, the United Nations and all specialised agencies or organisations referred to in this Act, must submit a written request to the Director-General for acquiring, constructing, relocating, renovating, replacing, extending or leasing immovable property in the Republic in the name of or on behalf of— 10

- (a) the mission or post or its government;
- (b) the United Nations;
- (c) the specialised agency or organisation in question; 15
- (d) any person referred to in section 4 or 5; or
- (e) any representative contemplated in the Vienna Convention on Diplomatic Relations, 1961, and the Vienna Convention on Consular Relations, 1963.

(2) Any such request must consist of a narrative and graphic description of, and indicate the reasons for, the proposed acquisition, construction, relocation, renovation, replacement, extension or leasing. 20

(3) No deed of transfer of land may be registered in accordance with the Deeds Registries Act, 1937 (Act No. 47 of 1937), in the name of any such government, mission or post, the United Nations or any such specialised agency, organisation, person or representative unless the Director-General has informed the Registrar of Deeds in writing that the property has been recognised for the use of an embassy, chancellery, legation, office or official residence and that the Director-General approves of such registration. 25

(4) Diplomatic missions established in the Republic in accordance with the provisions of the Vienna Convention on Diplomatic Relations, 1961, or other rules of customary international law, must be located in Pretoria or, during sittings of Parliament, in Cape Town. 30

(5) Despite subsection (4), the Minister may approve that a section of the diplomatic mission may be located elsewhere.

Liability insurance requirements 35

13. The Minister must prescribe by regulation liability insurance requirements which have to be met by any person who enjoys immunities or privileges under this Act or in terms of the Conventions.

Regulations

14. The Minister may make regulations regarding any matter which must be prescribed or which the Minister deems it necessary or expedient to prescribe in order to carry out or give effect to the provisions of this Act or of the Conventions. 40

Offences and penalties

15. (1) Any person who willfully or without the exercise of reasonable care issues, obtains or executes any legal process against a person who enjoys immunity under this Act or in terms of the Conventions, whether as party, attorney or officer concerned with issuing or executing such process, is guilty of an offence. 45

(2) Any person who contravenes subsection (1) or who willfully or without the exercise of reasonable care commits any other offence which has the effect of infringing the inviolability of any person contemplated in subsection (1), or of his or her property 50

Aansuiwering van verlies aan inkomste vir munisipaliteite en statutêre openbare utiliteitsorganisasies

11. Die verlies aan inkomste wat vir enige munisipaliteit of statutêre openbare utiliteitsorganisasie teweeggebring word op grond van hierdie Wet betreffende vrystellings van belasting, word aan sodanige munisipaliteit of organisasie vergoed uit fondse wat vir die doel deur die Parlement bewillig word. 5

Verkryging, konstruksie, hervestiging, opknapping, vervanging, uitbreiding of huur van onroerende eiendom in Republiek

12. (1) Alle buitelandse missies of konsulêre poste, die Verenigde Nasies en alle gespesialiseerde agentskappe of organisasies bedoel in hierdie Wet, lê 'n geskrewe versoek aan die Direkteur-generaal voor vir die verkryging, konstruksie, hervestiging, opknapping, vervanging, uitbreiding of huur van onroerende eiendom in die Republiek in die naam van of namens— 10

- (a) die missie of pos of die regering daarvan; 15
- (b) die Verenigde Nasies; 15
- (c) die gespesialiseerde agentskap of die betrokke organisasie;
- (d) enige persoon bedoel in artikel 4 of 5; of
- (e) enige verteenwoordiger beoog in die Weense Konvensie op Diplomatieke Betrekkinge, 1961, of die Weense Konvensie op Konsulêre Betrekkinge, 1963. 20

(2) Enige sodanige versoek bestaan uit 'n relaas en grafiese beskrywing van, en dui die redes aan vir, die voorgestelde verkryging, konstruksie, hervestiging, opknapping, vervanging, uitbreiding of huur.

(3) Geen titelbewys van oordrag van grond word ooreenkomstig die bepalings van die Wet op die Registrasie van Aktes, 1937 (Wet No. 47 van 1937), in die naam van so 'n regering, missie of pos, die Verenigde Nasies of enige sodanige gespesialiseerde agentskap, organisasie, persoon of verteenwoordiger geregistreer nie tensy die Direkteur-generaal die Registrateur van Aktes skriftelik meegedeel het dat die eiendom vir die gebruik van 'n ambassade, kanselary, gesantskap, kantoor of amptelike woning erken is en dat die Direkteur-generaal sodanige registrasie goedkeur. 30

(4) Diplomatieke missies ingestel in die Republiek ooreenkomstig die bepalings van die Weense Konvensie op Diplomatieke Betrekkinge, 1961, of ander reëls van internasionale gewoontereg, word gevestig te Pretoria of, tydens sessies van die Parlement, te Kaapstad.

(5) Ondanks subartikel (4) kan die Minister goedkeur dat 'n afdeling van 'n diplomatieke missie elders gevestig word. 35

Vereistes vir aanspreeklikheidsversekering

13. Die Minister skryf by regulasie vereistes voor vir aanspreeklikheidsversekering wat nagekom moet word deur enige persoon wat immuniteite of voorregte kragtens hierdie Wet of ingevolge die Konvensies geniet. 40

Regulasies

14. Die Minister kan regulasies uitvaardig betreffende enige aangeleentheid waarvoor daar voorsiening gemaak moet word of wat die Minister nodig of dienstig ag om voor voorsiening te maak ten einde die bepalings van hierdie Wet of die Konvensies uit te voer of daaraan gevolg te gee. 45

Misdrywe en strawwe

15. (1) Enige persoon wat opsetlik of sonder die uitoefening van redelike sorg 'n geregtelike prosesstuk uitreik, verkry of ten uitvoer lê teen 'n persoon wat immuniteit kragtens hierdie Wet of ingevolge die Konvensies geniet, hetsy as party, prokureur of beampte wat by die uitreiking of tenuitvoerlegging van sodanige prosesstukke betrokke is, is skuldig aan 'n misdryf. 50

(2) Enige sodanige persoon wat subartikel (1) oortree of 'n persoon wat opsetlik of sonder die uitoefening van redelike sorg enige ander misdryf pleeg wat die gevolg het dat inbreuk gemaak word op die onskendbaarheid van 'n persoon bedoel in subartikel

Act No. 37, 2001**DIPLOMATIC IMMUNITIES AND
PRIVILEGES ACT, 2001**

or of the premises occupied by him or her, is liable on conviction to a fine or to imprisonment for a period not exceeding three years or to both a fine and such imprisonment.

Repeal of laws and saving

16. (1) The Diplomatic Immunities and Privileges Act, 1989 (Act No. 74 of 1989), 5
and the Diplomatic Immunities and Privileges Amendment Act, 1992 (Act No. 56 of
1992), are hereby repealed.

(2) Anything done under a provision of any law repealed by subsection (1) and which
could have been done under a provision of this Act, must be regarded as having been
done under the latter provision. 10

Short title and commencement

17. This Act is called the Diplomatic Immunities and Privileges Act, 2001, and takes
effect on a date fixed by the President by proclamation in the *Gazette*.

WET OP DIPLOMATIEKE IMMUNITEITE
EN VOORREGTE, 2001

Wet No. 37, 2001

(1), of van sy of haar eiendom of van persele deur hom of haar bewoon, is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie jaar of met beide 'n boete sowel as daardie gevangenisstraf.

Herroeping van wette

16. (1) Die Wet op Diplomatieke Immunitet en Voorregte, 1989 (Wet No. 74 van 1989), en die Wysigingswet op Diplomatieke Immunitet en Voorregte, 1992 (Wet No. 56 van 1992), word hierby herroep. 5

(2) Enigiets gedoen kragtens 'n bepaling van 'n wet wat by subartikel (1) herroep word, en wat uit hoofde van 'n bepaling van hierdie Wet gedoen sou kon word, word geag kragtens so 'n laasbedoelde bepaling gedoen te wees. 10

Kort titel en inwerkingtreding

17. Hierdie Wet heet die Wet op Diplomatieke Immunitete en Voorregte, 2001, en tree in werking op 'n datum deur die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

Schedule 1**Vienna Convention on Diplomatic Relations, 1961***The States Parties to the present Convention,**Recalling* that peoples of all nations from ancient times have recognized the status of diplomatic agents, 5*Having in mind* the purposes and principles of the Charter of the United Nations concerning the sovereign equality of States, the maintenance of international peace and security, and the promotion of friendly relations among nations,*Believing* that an international convention on diplomatic intercourse, privileges and immunities would contribute to the development of friendly relations among nations, irrespective of their differing constitutional and social systems, 10*Realizing* that the purpose of such privileges and immunities is not to benefit individuals but to ensure the efficient performance of the functions of diplomatic missions as representing States, 15*Affirming* that the rules of customary international law should continue to govern questions not expressly regulated by the provisions of the present Convention,*Have agreed as follows:* 20**Article 1**

For the purpose of the present Convention, the following expressions shall have the meanings hereunder assigned to them:

- (a) the **'head of the mission'** is the person charged by the sending State with the duty of acting in that capacity; 25
- (b) the **'members of the mission'** are the head of the mission and the members of the staff of the mission;
- (c) the **'members of the staff of the mission'** are the members of the diplomatic staff, of the administrative and technical staff and of the service staff of the mission; 30
- (d) the **'members of the diplomatic staff'** are the members of the staff of the mission having diplomatic rank;
- (e) a **'diplomatic agent'** is the head of the mission or a member of the diplomatic staff of the mission;
- (f) the **'members of the administrative and technical staff'** are the members of the staff of the mission employed in the administrative and technical service of the mission; 35
- (g) the **'members of the service staff'** are the members of the staff of the mission in the domestic service of the mission;
- (h) a **'private servant'** is a person who is in the domestic service of a member of the mission and who is not an employee of the sending State; 40
- (i) the **'premises of the mission'** are the buildings or parts of buildings and the land ancillary thereto, irrespective of ownership, used for the purposes of the mission including the residence of the head of the mission. 45

Article 2

The establishment of diplomatic relations between States, and of permanent diplomatic missions, takes place by mutual consent.

WET OP DIPLOMATIEKE IMMUNITEITE
EN VOORREGTE, 2001

Wet No. 37, 2001

Bylae 1

Weense Konvensie op Diplomatieke Betrekkinge, 1961

*Die State wat Partye by hierdie Konvensie is,**Gedagtig* daaraan dat mense van alle nasies sedert antieke tye die status van diplomatieke agente erken, 5*Gedagtig* aan die oogmerke en beginsels van die Handves van die Verenigde Nasies betreffende die soewereine gelykheid van State, die handhawing van internasionale vrede en sekuriteit, en die bevordering van vriendskaplike betrekkinge tussen nasies,*In die oortuiging* dat 'n internasionale konvensie op diplomatieke verkeer, voorregte en immuniteite sal bydra tot die ontwikkeling van vriendskaplike betrekkinge tussen nasies, ongeag hulle verskillende grondwetlike en maatskaplike stelsels, 10*In die besef* dat die doel van sodanige voorregte en immuniteite nie is om individue te bevoordeel nie maar om die doeltreffende verrigting van die funksies van diplomatieke missies te verseker om State te verteenwoordig, 15*Ter bevestiging* dat die reëls van die internasionale gewoontereg moet voortgaan om vraagstukke te reël wat nie uitdruklik deur die bepalings van hierdie Konvensie gereël word nie,*Kom soos volg ooreen:* 20

Artikel 1

By die toepassing van hierdie Konvensie het die volgende uitdrukkings die betekenis wat hieronder daaraan gegee word:

- (a) die **'hoof van die missie'** is die persoon aan wie die Senderstaat die plig opgedra het om in daardie hoedanigheid op te tree; 25
- (b) die **'lede van die missie'** is die hoof van die missie en die lede van die personeel van die missie;
- (c) die **'lede van die personeel van die missie'** is die lede van die diplomatieke personeel, van die administratiewe en tegniese personeel en van die dienspersoneel van die missie; 30
- (d) die **'lede van die diplomatieke personeel'** is die lede van die personeel van die missie wat diplomatieke rang het;
- (e) 'n **'diplomatieke agent'** is die hoof van die missie of 'n lid van die diplomatieke personeel van die missie;
- (f) die **'lede van die administratiewe en tegniese personeel'** is die lede van die missie wat in die administratiewe en tegniese diens van die missie aangewend word; 35
- (g) die **'lede van die dienspersoneel'** is die lede van die personeel van die missie in die huishoudelike diens van die missie;
- (h) 'n **'private bediende'** is 'n persoon wat in die huishoudelike diens is van 'n lid van die missie en wat nie 'n werknemer van die Senderstaat is nie; 40
- (i) die **'perseel van die missie'** is die geboue of dele van geboue en die grond bykomstig daartoe, ongeag wie die eienaar daarvan is, wat gebruik word vir die doeleindes van die missie, met inbegrip van die woning van die hoof van die missie. 45

Artikel 2

Die vestiging van diplomatieke betrekkinge tussen State, en van permanente diplomatieke missies, geskied deur wedersydse instemming.

Article 3

1. The functions of a diplomatic mission consist, *inter alia*, in:
 - (a) representing the sending State in the receiving State;
 - (b) protecting in the receiving State the interests of the sending State and of its nationals, within the limits permitted by international law; 5
 - (c) negotiating with the Government of the receiving State;
 - (d) ascertaining by all lawful means conditions and developments in the receiving State, and reporting thereon to the Government of the sending State;
 - (e) promoting friendly relations between the sending State and the receiving State, and developing their economic, cultural and scientific relations. 10
2. Nothing in the present Convention shall be construed as preventing the performance of consular functions by a diplomatic mission.

Article 4

15

1. The sending State must make certain that the *agrément* of the receiving State has been given for the person it proposes to accredit as head of the mission to that State.
2. The receiving State is not obliged to give reasons to the sending State for a refusal of *agrément*. 20

Article 5

1. The sending State may, after it has given due notification to the receiving States concerned, accredit a head of mission or assign any member of the diplomatic staff, as the case may be, to more than one State, unless there is express objection by any of the receiving States. 25
2. If the sending State accredits a head of mission to one or more other States it may establish a diplomatic mission headed by a *chargé d'affaires ad interim* in each State where the head of mission has not his permanent seat.
3. A head of mission or any member of the diplomatic staff of the mission may act as representative of the sending State to any international organization. 30

Article 6

- Two or more States may accredit the same person as head of mission to another State, unless objection is offered by the receiving State. 35

Article 7

- Subject to the provisions of Articles 5, 8, 9 and 11, the sending State may freely appoint the members of the staff of the mission. In the case of military, naval or air attachés, the receiving State may require their names to be submitted beforehand, for its approval. 40

Article 8

1. Members of the diplomatic staff of the mission should in principle be of the nationality of the sending State.
2. Members of the diplomatic staff of the mission may not be appointed from among persons having the nationality of the receiving State, except with the consent of that State which may be withdrawn at any time. 45
3. The receiving State may reserve the same right with regard to nationals of a third State who are not also nationals of the sending State.

WET OP DIPLOMATIEKE IMMUNITEITE
EN VOORREGTE, 2001

Wet No. 37, 2001

Artikel 3

1. Die funksies van 'n diplomatieke missie bestaan onder andere uit:
 - (a) verteenwoordiging van die Senderstaat in die Ontvangerstaat;
 - (b) beskerming in die Ontvangerstaat van die belange van die Senderstaat en van sy burgers, binne die perke wat deur die volkereg toegelaat word; 5
 - (c) onderhandeling met die Regering van die Ontvangerstaat;
 - (d) bepaling van toestande en ontwikkelings in die Ontvangerstaat deur alle wettige middele, en verslagdoening daaroor aan die Regering van die Senderstaat; 10
 - (e) bevordering van vriendskaplike betrekkinge tussen die Senderstaat en die Ontvangerstaat, en ontwikkeling van hulle ekonomiese, kulturele en wetenskaplike betrekkinge.
2. Niks in hierdie Konvensie word so uitgelê dat dit die verrigting van konsulêre funksies deur 'n diplomatieke missie belet nie. 15

Artikel 4

1. Die Senderstaat moet seker maak dat die *agrément* van die Ontvangerstaat gegee is vir die persoon wat hy beoog om as hoof van die missie in daardie Staat te akkrediteer.
2. Die Ontvangerstaat is nie verplig om redes vir die weiering van *agrément* aan die Senderstaat te verstrek nie. 20

Artikel 5

1. Die Senderstaat kan, nadat hy behoorlik kennis aan die betrokke Ontvangerstate gegee het, 'n hoof van missie by meer as een Staat akkrediteer of enige lid van die diplomatieke personeel, na gelang van die geval, aan meer as een Staat toewys, tensy daar uitdruklike beswaar deur enige van die Ontvangerstate is. 25
2. Indien die Senderstaat 'n hoof van missie by een of meer ander State akkrediteer, kan hy 'n diplomatieke missie vestig met 'n chargé d'affaires *ad interim* aan die hoof in elke Staat waar die hoof van missie nie sy permanente setel het nie. 30
3. 'n Hoof van missie of enige lid van die diplomatieke personeel van die missie kan as verteenwoordiger van die Senderstaat by enige internasionale organisasie optree.

Artikel 6

35

Twee of meer State kan dieselfde persoon as hoof van missie by 'n ander Staat akkrediteer, tensy die Ontvangerstaat beswaar daarteen aanteken.

Artikel 7

Behoudens die bepalings van Artikels 5, 8, 9 en 11 kan die Senderstaat die lede van die personeel van die missie na goeddunke aanstel. In die geval van militêre, vloot- of lugattachés kan die Ontvangerstaat vereis dat hulle name vooraf voorgelê word vir sy goedkeuring. 40

Artikel 8

1. Lede van die diplomatieke personeel van die missie moet in beginsel van die nasionaliteit van die Senderstaat wees. 45
2. Lede van die diplomatieke personeel van die missie mag nie aangestel word uit persone wat die nasionaliteit van die Ontvangerstaat het nie, behalwe met die toestemming van daardie Staat, wat te eniger tyd ingetrek kan word.
3. Die Ontvangerstaat kan dieselfde reg voorbehou met betrekking tot burgers van 'n derde Staat wat nie ook burgers van die Senderstaat is nie. 50

Article 9

1. The receiving State may at any time and without having to explain its decision, notify the sending State that the head of the mission or any member of the diplomatic staff of the mission is *persona non grata* or that any other member of the staff of the mission is not acceptable. In any such case, the sending State shall, as appropriate, either recall the person concerned or terminate his functions with the mission. A person may be declared *non grata* or not acceptable before arriving in the territory of the receiving State. 5

2. If the sending State refuses or fails within a reasonable period to carry out its obligations under paragraph 1 of this Article, the receiving State may refuse to recognize the person concerned as a member of the mission. 10

Article 10

1. The Ministry for Foreign Affairs of the receiving State, or such other ministry as may be agreed, shall be notified of: 15

- (a) the appointment of members of the mission, their arrival and their final departure or the termination of their functions with the mission; 15
- (b) the arrival and final departure of a person belonging to the family of a member of the mission and, where appropriate, the fact that a person becomes or ceases to be a member of the family of a member of the mission; 20
- (c) the arrival and final departure of private servants in the employ of persons referred to in sub-paragraph (a) of this paragraph and, where appropriate, the fact that they are leaving the employ of such persons; 25
- (d) the engagement and discharge of persons resident in the receiving State as members of the mission or private servants entitled to privileges and immunities. 25

2. Where possible, prior notification of arrival and final departure shall also be given. 30

Article 11

1. In the absence of specific agreement as to the size of the mission, the receiving State may require that the size of a mission be kept within limits considered by it to be reasonable and normal, having regard to circumstances and conditions in the receiving State and to the needs of the particular mission. 35

2. The receiving State may equally, within similar bounds and on a nondiscriminatory basis, refuse to accept officials of a particular category.

Article 12

The sending State may not, without the prior express consent of the receiving State, establish offices forming part of the mission in localities other than those in which the mission itself is established. 40

Article 13

1. The head of the mission is considered as having taken up his functions in the receiving State either when he has presented his credentials or when he has notified his arrival and a true copy of his credentials has been presented to the Ministry for Foreign Affairs of the receiving State, or such other ministry as may be agreed, in accordance with the practice prevailing in the receiving State, which shall be applied in a uniform manner. 45

WET OP DIPLOMATIEKE IMMUNITEITE
EN VOORREGTE, 2001

Wet No. 37, 2001

Artikel 9

1. Die Ontvangerstaat kan te eniger tyd en sonder om sy besluit te verduidelik, die Senderstaat in kennis stel dat die hoof van missie of enige lid van die diplomatieke personeel van die missie *persona non grata* is of dat enige ander lid van die personeel van die missie nie aanvaarbaar is nie. In enige sodanige geval moet die Senderstaat die betrokke persoon terugroep of sy funksies by die missie beëindig, soos wat gepas geag word. 'n Persoon kan *non grata* of nie aanvaarbaar nie verklaar word voordat hy of sy in die grondgebied van die Ontvangerstaat aankom.

2. Indien die Senderstaat weier of versuim om binne 'n redelike tydperk sy verpligtinge ingevolge paragraaf 1 van hierdie Artikel na te kom, kan die Ontvangerstaat weier om die betrokke persoon as 'n lid van die missie te erken.

Artikel 10

1. Die Ministerie van Buitelandse Sake van die Ontvangerstaat, of sodanige ministerie as waaroor ooreengekom word, moet in kennis gestel word van:

- (a) die aanstelling van lede van die missie, hulle aankoms en hulle finale vertrek of die beëindiging van hulle funksies by die missie;
- (b) die aankoms en finale vertrek van 'n persoon wat behoort aan die familie van 'n lid van die missie en, waar toepaslik, die feit dat 'n persoon 'n lid van die familie van 'n lid van die missie word of ophou om dit te wees;
- (c) die aankoms en finale vertrek van private bediendes in diens van persone in subparagraaf (a) van hierdie paragraaf bedoel, en, waar toepaslik, die feit dat hulle die diens van sodanige persone verlaat;
- (d) die indiensneming en ontslag van persone wat in die Ontvangerstaat woonagtig is, as lede van die missie of private bediendes wat op voorregte en immuniteite geregtig is.

2. Waar moontlik, moet daar ook vooraf kennis gegee word van die aankoms en finale vertrek.

Artikel 11

1. By gebrek aan 'n spesifieke ooreenkoms oor die grootte van die missie kan die Ontvangerstaat vereis dat die grootte van 'n missie gehou word binne perke wat hy as redelik en normaal beskou, met inagneming van omstandighede en toestande in die Ontvangerstaat en die behoeftes van die bepaalde missie.

2. Die Ontvangerstaat kan ook, binne soortgelyke perke en op 'n nie-diskriminerende grondslag, weier om beamptes van 'n bepaalde kategorie te aanvaar.

Artikel 12

Die Senderstaat mag nie sonder die uitdruklike toestemming vooraf van die Ontvangerstaat kantore wat deel van die missie uitmaak, vestig op ander plekke as dié waarin die missie self gevestig is nie.

Artikel 13

1. Die hoof van die missie word geag sy funksies in die Ontvangerstaat te aanvaar het wanneer hy sy geloofsbriewe oorhandig het of wanneer hy kennis van sy aankoms gegee het en 'n ware afskrif van sy geloofsbriewe aan die Ministerie van Buitelandse Sake, of sodanige ander ministerie as waaroor daar ooreengekom is, van die Ontvangerstaat voorgelê is in ooreenstemming met die heersende praktyk in die Ontvangerstaat, wat op 'n eenvormige wyse toegepas moet word.

2. The order of presentation of credentials or of a true copy thereof will be determined by the date and time of the arrival of the head of the mission.

Article 14

1. Heads of mission are divided into three classes, namely:
 - (a) that of ambassadors or nuncios accredited to Heads of State, and other heads of mission of equivalent rank; 5
 - (b) that of envoys, ministers and internuncios accredited to Heads of State;
 - (c) that of chargés d'affaires accredited to Ministers for Foreign Affairs. 10
2. Except as concerns precedence and etiquette, there shall be no differentiation between heads of mission by reason of their class. 15

Article 15

The class to which the heads of their missions are to be assigned shall be agreed between States.

15

Article 16

1. Heads of mission shall take precedence in their respective classes in the order of the date and time of taking up their functions in accordance with Article 13.
2. Alterations in the credentials of a head of mission not involving any change of class shall not affect his precedence. 20
3. This article is without prejudice to any practice accepted by the receiving State regarding the precedence of the representative of the Holy See.

Article 17

25

The precedence of the members of the diplomatic staff of the mission shall be notified by the head of the mission to the Ministry for Foreign Affairs or such other ministry as may be agreed.

Article 18

The procedure to be observed in each State for the reception of heads of mission shall be uniform in respect of each class. 30

Article 19

1. If the post of head of the mission is vacant, or if the head of the mission is unable to perform his functions, a chargé d'affaires *ad interim* shall act provisionally as head of the mission. The name of the chargé d'affaires *ad interim* shall be notified, either by the head of the mission or, in case he is unable to do so, by the Ministry for Foreign Affairs of the sending State to the Ministry for Foreign Affairs of the receiving State or such other ministry as may be agreed. 35
2. In cases where no member of the diplomatic staff of the mission is present in the receiving State, a member of the administrative and technical staff may, with the consent of the receiving State, be designated by the sending State to be in charge of the current administrative affairs of the mission. 40

WET OP DIPLOMATIEKE IMMUNITEITE
EN VOORREGTE, 2001

Wet No. 37, 2001

2. Die volgorde van oorhandiging van geloofsbriewe of van 'n ware afskrif daarvan word bepaal deur die datum en tyd van aankoms van die hoof van die missie.

Artikel 14

1. Hoofde van missie word in drie klasse ingedeel, naamlik: 5
 - (a) dié van ambassadeurs of nunsiusse wat by Hoofde van State geakkrediteer is, en ander hoofde van missie van gelykwaardige rang;
 - (b) dié van gesante, ministers en internunsiusse wat by Hoofde van State geakkrediteer is;
 - (c) dié van chargés d'affaires wat by Ministers van Buitelandse Sake geakkrediteer is. 10
2. Uitgesonderd wat voorrang en etiket betref, mag daar geen differensiasie tussen hoofde van missie op grond van hulle klas wees nie.

Artikel 15

State moet onderling ooreenkom oor die klas waaraan die hoofde van hul missies toegewys word. 15

Artikel 16

1. Hoofde van missie geniet voorrang in hulle onderskeie klasse in die volgorde van die datum en tyd waarop hulle funksies aanvaar het ooreenkomstig Artikel 13. 20
2. Wysigings in die geloofsbriewe van 'n hoof van missie wat nie 'n verandering van klas behels nie, raak nie sy voorrang nie.
3. Hierdie artikel is sonder benadeling van enige praktyk wat deur die Ontvangerstaat aanvaar is betreffende die voorrang van die verteenwoordiger van die Heilige Stoel. 25

Artikel 17

Die voorrang van die lede van die diplomatieke personeel van die missie word deur die hoof van die missie bekend gemaak aan die Ministerie van Buitelandse Sake of sodanige ander ministerie as waaroor ooreengekom word. 30

Artikel 18

Die prosedure wat in elke Staat gevolg moet word vir die ontvangs van hoofde van missie is eenvormig ten opsigte van elke klas.

Artikel 19

1. Indien die pos van hoof van die missie vakant is, of indien die hoof van die missie nie in staat is om sy funksies te verrig nie, neem 'n chargé d'affaires *ad interim* voorlopig waar as hoof van die missie. Die naam van die chargé d'affaires *ad interim* moet deur die hoof van die missie of, indien hy nie in staat is om dit te doen nie, deur die Ministerie van Buitelandse Sake van die Senderstaat bekend gemaak word aan die Ministerie van Buitelandse Sake van die Ontvangerstaat of sodanige ander ministerie as waaroor ooreengekom word. 35 40
2. In gevalle waar geen lid van die diplomatieke personeel van die missie in die Ontvangerstaat teenwoordig is nie, kan 'n lid van die administratiewe en tegniese personeel, met die toestemming van die Ontvangerstaat, deur die Senderstaat aangewys word om in beheer van die lopende administratiewe sake van die missie te wees. 45

Article 20

The mission and its head shall have the right to use the flag and emblem of the sending State on the premises of the mission, including the residence of the head of the mission, and on his means of transport.

Article 21

5

1. The receiving State shall either facilitate the acquisition on its territory, in accordance with its laws, by the sending State of premises necessary for its mission or assist the latter in obtaining accommodation in some other way.

2. It shall also, where necessary, assist missions in obtaining suitable accommodation for their members.

Article 22

1. The premises of the mission shall be inviolable. The agents of the receiving State may not enter them, except with the consent of the head of the mission.

15

2. The receiving State is under a special duty to take all appropriate steps to protect the premises of the mission against any intrusion or damage and to prevent any disturbance of the peace of the mission or impairment of its dignity.

20

3. The premises of the mission, their furnishings and other property thereon and the means of transport of the mission shall be immune from search, requisition, attachment or execution.

Article 23

1. The sending State and the head of the mission shall be exempt from all national, regional or municipal dues and taxes in respect of the premises of the mission, whether owned or leased, other than such as represent payment for specific services rendered.

25

2. The exemption from taxation referred to in this Article shall not apply to such dues and taxes payable under the law of the receiving State by persons contracting with the sending State or the head of the mission.

30

Article 24

The archives and documents of the mission shall be inviolable at any time and wherever they may be.

Article 25

35

The receiving State shall accord full facilities for the performance of the functions of the mission.

Article 26

Subject to its laws and regulations concerning zones entry into which is prohibited or regulated for reasons of national security, the receiving State shall ensure to all members of the mission freedom of movement and travel in its territory.

40

Article 27

1. The receiving State shall permit and protect free communication on the part of the mission for all official purposes. In communicating with the Government and the other missions and consulates of the sending State, wherever situated, the mission may employ all appropriate means, including diplomatic couriers and messages in code or cipher. However, the

45

WET OP DIPLOMATIEKE IMMUNITEITE
EN VOORREGTE, 2001

Wet No. 37, 2001

Artikel 20

Die missie en sy hoof het die reg om die vlag en embleem van die Senderstaat op die perseel van die missie, insluitende die woning van die hoof van die missie, en op sy vervoermiddel te gebruik.

Artikel 21

5

1. Die Ontvangerstaat moet die verkryging op sy grondgebied, in ooreenstemming met sy wette, deur die Senderstaat van persele wat nodig is vir sy missie, fasiliteer of laasgenoemde bystaan om akkommodasie op 'n ander wyse te bekom.

2. Hy moet ook, waar nodig, missies help om geskikte akkommodasie vir hulle lede te bekom. 10

Artikel 22

1. Die perseel van die missie is onskendbaar. Die agente van die Ontvangerstaat mag dit nie betree nie, behalwe met die toestemming van die hoof van die missie. 15

2. Die Ontvangerstaat staan onder 'n besondere verpligting om alle geskikte maatreëls te tref om die perseel van die missie te beskerm teen enige indringing of skade en om enige versteuring van die vrede van die missie of inbreukmaking op die waardigheid daarvan te voorkom.

3. Die perseel van die missie, sy meublement en ander eiendom daarop en die vervoermiddele van die missie geniet immuniteit teen deursoeking, opeising, beslaglegging of eksekusie. 20

Artikel 23

1. Die Senderstaat en die hoof van die missie is vrygestel van alle nasionale, streek- of munisipale regte en belastings ten opsigte van die perseel van die missie, ongeag of dit besit of gehuur word, uitgesonderd dié wat betaling vir spesifieke dienste gelewer, verteenwoordig. 25

2. Die vrystelling van belasting bedoel in hierdie Artikel is nie van toepassing nie op sodanige regte en belastings as wat kragtens die reg van die Ontvangerstaat betaalbaar is deur persone wat met die Senderstaat of die hoof van die missie kontrakteer. 30

Artikel 24

Die argiewe en dokumente van die missie is te alle tye en waar hulle ook al mag wees, onskendbaar.

Artikel 25

35

Die Ontvangerstaat bied volledige fasiliteite vir die verrigting van die funksies van die missie.

Artikel 26

Behoudens sy wette en regulasies betreffende sones waartoe toegang verbonde is of gereël word vir doeleindes van nasionale sekuriteit, moet die Ontvangerstaat vir alle lede van die missie vryheid van beweging en reis binne sy grondgebied verseker. 40

Artikel 27

1. Die Ontvangerstaat moet vrye kommunikasie deur die missie vir alle amptelike doeleindes toelaat en beskerm. By kommunikasie met die Regering en die ander missies en konsulate van die Senderstaat, waar ook al geleë, mag die missie alle geskikte middele gebruik, met inbegrip van diplomatieke koeriers en boodskappe in kode of syferkode. Die missie mag 45

mission may install and use a wireless transmitter only with the consent of the receiving State.

2. The official correspondence of the mission shall be inviolable. Official correspondence means all correspondence relating to the mission and its functions. 5

3. The diplomatic bag shall not be opened or detained.

4. The packages constituting the diplomatic bag must bear visible external marks of their character and may contain only diplomatic documents or articles intended for official use.

5. The diplomatic courier, who shall be provided with an official document indicating his status and the number of packages constituting the diplomatic bag, shall be protected by the receiving State in the performance of his functions. He shall enjoy personal inviolability and shall not be liable to any form of arrest or detention. 10

6. The sending State or the mission may designate diplomatic couriers *ad hoc*. In such cases the provisions of paragraph 5 of this Article shall also apply, except that the immunities therein mentioned shall cease to apply when such a courier has delivered to the consignee the diplomatic bag in his charge. 15

7. A diplomatic bag may be entrusted to the captain of a commercial aircraft scheduled to land at an authorized port of entry. He shall be provided with an official document indicating the number of packages constituting the bag but he shall not be considered to be a diplomatic courier. The mission may send one of its members to take possession of the diplomatic bag directly and freely from the captain of the aircraft. 20 25

Article 28

The fees and charges levied by the mission in the course of its official duties shall be exempt from all dues and taxes.

Article 29

The person of a diplomatic agent shall be inviolable. He shall not be liable to any form of arrest or detention. The receiving State shall treat him with due respect and shall take all appropriate steps to prevent any attack on his person, freedom or dignity. 30

Article 30

1. The private residence of a diplomatic agent shall enjoy the same inviolability and protection as the premises of the mission. 35

2. His papers, correspondence and, except as provided in paragraph 3 of Article 31, his property, shall likewise enjoy inviolability.

Article 31

1. A diplomatic agent shall enjoy immunity from the criminal jurisdiction of the receiving State. He shall also enjoy immunity from its civil and administrative jurisdiction, except in the case of: 40

- (a) a real action relating to private immovable property situated in the territory of the receiving State, unless he holds it on behalf of the sending State for the purposes of the mission; 45
- (b) an action relating to succession in which the diplomatic agent is involved as executor, administrator, heir or legatee as a private person and not on behalf of the sending State;
- (c) an action relating to any professional or commercial activity exercised by the diplomatic agent in the receiving State outside his official functions. 50

2. A diplomatic agent is not obliged to give evidence as a witness.

WET OP DIPLOMATIEKE IMMUNITEITE
EN VOORREGTE, 2001

Wet No. 37, 2001

egter 'n draadlose sender slegs met die toestemming van die Ontvangerstaat installeer en gebruik.

2. Die amptelike korrespondensie van die missie is onskendbaar. Amptelike korrespondensie beteken alle korrespondensie met betrekking tot die missie en sy funksies. 5

3. Die diplomatieke sak mag nie oopgemaak of teruggehou word nie.

4. Die houters wat die diplomatieke sak uitmaak, moet sigbare merke van hulle aard aan die buitekant daarvan vertoon en mag slegs diplomatieke dokumente of artikels bedoel vir amptelike gebruik, bevat.

5. Die diplomatieke koerier, wat voorsien moet word van 'n amptelike dokument wat sy status en die aantal houters wat die diplomatieke sak uitmaak, aandui, moet deur die Ontvangerstaat by die uitvoering van sy funksies beskerm word. Hy geniet persoonlike onskendbaarheid en is nie aan enige vorm van inhegtenisname of aanhouding onderhewig nie. 10

6. Die Senderstaat of die missie mag diplomatieke koeriers *ad hoc* aanwys. In sodanige gevalle is die bepalings van paragraaf 5 van hierdie Artikel ook van toepassing, behalwe dat die immuniteite wat daarin genoem word, ophou om van toepassing te wees wanneer sodanige koerier die diplomatieke sak wat aan hom toevertrou is, aan die geadresseerde afgelewer het. 20

7. 'n Diplomatieke sak mag toevertrou word aan die kaptein van 'n handelsvliegtuig wat geskeduleer is om by 'n gemagtigde poort van binnekoms te land. Hy moet voorsien word van 'n amptelike dokument wat die aantal houters wat die diplomatieke sak uitmaak, aandui, maar hy word nie geag 'n diplomatieke koerier te wees nie. Die missie mag een van sy lede stuur om direk en vryelik besit van die diplomatieke sak by die kaptein van die vliegtuig te neem. 25

Artikel 28

Die gelde en vorderings wat deur die missie in die loop van sy amptelike pligte gehef word, is van alle regte en belastings vrygestel. 30

Artikel 29

Die persoon van 'n diplomatieke agent is onskendbaar. Hy is nie onderhewig aan enige vorm van inhegtenisname of aanhouding nie. Die Ontvangerstaat behandel hom met verskuldigde eerbied en tref alle geskikte maatreëls om enige aanval op sy persoon, vryheid of waardigheid te voorkom. 35

Artikel 30

1. Die private woning van 'n diplomatieke agent geniet dieselfde onskendbaarheid en beskerming as die perseel van die missie.

2. Sy stukke, korrespondensie en, behalwe soos in paragraaf 3 van Artikel 31 bepaal, sy eiendom, geniet insgelyks onskendbaarheid. 40

Artikel 31

1. 'n Diplomatieke agent geniet immuniteit teen die kriminele jurisdiksie van die Ontvangerstaat. Hy geniet ook immuniteit teen sy siviele en administratiewe jurisdiksie, behalwe in die geval van: 45

- (a) 'n saaklike aksie met betrekking tot private onroerende eiendom geleë in die gebied van die Ontvangerstaat, tensy hy dit namens die Senderstaat vir die doeleindes van die missie besit;
- (b) 'n aksie betreffende erfopvolging waarin die diplomatieke agent as eksekuteur, administrateur, erfgenaam of legataris as 'n privaat-persoon en nie namens die Senderstaat nie, betrokke is; 50
- (c) 'n aksie met betrekking tot enige professionele of handelsaktiwiteit deur die diplomatieke agent uitgeoefen in die Ontvangerstaat buite sy amptelike funksies.

2. 'n Diplomatieke agent is nie verplig om as 'n getuie te getuig nie. 55

3. No measures of execution may be taken in respect of a diplomatic agent except in the cases coming under sub-paragraphs (a), (b) and (c) of paragraph 1 of this Article, and provided that the measures concerned can be taken without infringing the inviolability of his person or of his residence.

5

4. The immunity of a diplomatic agent from the jurisdiction of the receiving State does not exempt him from the jurisdiction of the sending State.

Article 32

1. The immunity from jurisdiction of diplomatic agents and of persons enjoying immunity under Article 37 may be waived by the sending State.

10

2. Waiver must always be express.

3. The initiation of proceedings by a diplomatic agent or by a person enjoying immunity from jurisdiction under Article 37 shall preclude him from invoking immunity from jurisdiction in respect of any counter-claim directly connected with the principal claim.

15

4. Waiver of immunity from jurisdiction in respect of civil or administrative proceedings shall not be held to imply waiver of immunity in respect of the execution of the judgement, for which a separate waiver shall be necessary.

20

Article 33

1. Subject to the provisions of paragraph 3 of this Article, a diplomatic agent shall with respect to services rendered for the sending State be exempt from social security provisions which may be in force in the receiving State.

25

2. The exemption provided for in paragraph 1 of this Article shall also apply to private servants who are in the sole employ of a diplomatic agent, on condition:

(a) that they are not nationals of or permanently resident in the receiving State; and

30

(b) that they are covered by the social security provisions which may be in force in the sending State or a third State.

3. A diplomatic agent who employs persons to whom the exemption provided for in paragraph 2 of this Article does not apply shall observe the obligations which the social security provisions of the receiving State impose upon employers.

35

4. The exemption provided for in paragraphs 1 and 2 of this Article shall not preclude voluntary participation in the social security system of the receiving State provided that such participation is permitted by that State.

40

5. The provisions of this Article shall not affect bilateral or multilateral agreements concerning social security concluded previously and shall not prevent the conclusion of such agreements in the future.

Article 34

A diplomatic agent shall be exempt from all dues and taxes, personal or real, national, regional or municipal, except:

45

(a) indirect taxes of a kind which are normally incorporated in the price of goods or services;

(b) dues and taxes on private immovable property situated in the territory of the receiving State, unless he holds it on behalf of the sending State for the purposes of the mission;

50

(c) estate, succession or inheritance duties levied by the receiving State, subject to the provisions of paragraph 4 of Article 39;

(d) dues and taxes on private income having its source in the receiving State and capital taxes on investments made in commercial undertakings in the receiving State;

55

(e) charges levied for specific services rendered;

WET OP DIPLOMATIEKE IMMUNITEITE
EN VOORREGTE, 2001

Wet No. 37, 2001

3. Geen eksekusiemaatreëls mag ten opsigte van 'n diplomatieke agent getref word nie behalwe in die gevalle wat onder subparagraawe (a), (b) en (c) van paragraaf 1 van hierdie Artikel val, en mits die betrokke maatreëls getref kan word sonder om inbreuk te maak op die onskendbaarheid van sy persoon of van sy woning.

4. Die immuniteit van 'n diplomatieke agent teen die jurisdiksie van die Ontvangerstaat stel hom nie vry van die jurisdiksie van die Senderstaat nie.

Artikel 32

1. Die Senderstaat mag afstand doen van die immuniteit teen jurisdiksie van diplomatieke agente en van persone wat immuniteit kragtens Artikel 37 geniet.

2. Afstanddoening moet altyd uitdruklik wees.

3. Die instel van verrigtinge deur 'n diplomatieke agent of deur 'n persoon wat immuniteit kragtens Artikel 37 geniet, verhinder hom om immuniteit teen jurisdiksie aan te voer ten opsigte van enige teeneis wat direk verband hou met die hoofeis.

4. Afstanddoening van immuniteit teen jurisdiksie met betrekking tot siviele of administratiewe verrigtinge word nie geag afstanddoening van immuniteit ten opsigte van die tenuitvoerlegging van die vonnis te impliseer nie, waarvoor 'n afsonderlike afstanddoening nodig is.

Artikel 33

1. Behoudens die bepalinge van paragraaf 3 van hierdie Artikel is 'n diplomatieke agent met betrekking tot dienste wat hy aan die Senderstaat lewer, vrygestel van bepalinge betreffende sosiale sekuriteit wat in die Ontvangerstaat van toepassing mag wees.

2. Die vrystelling waarvoor in paragraaf 1 van hierdie Artikel voorsiening gemaak word, is ook van toepassing op private bediendes wat in die uitsluitlike diens van die diplomatieke agent staan, op voorwaarde: (a) dat hulle nie burgers van of permanent woonagtig in die Ontvangerstaat is nie; en

(b) dat hulle deur die bepalinge betreffende sosiale sekuriteit wat in die Senderstaat of in 'n derde Staat van toepassing mag wees, gedek word.

3. 'n Diplomatieke agent wat persone in diens het op wie die vrystelling waarvoor in paragraaf 2 van hierdie Artikel voorsiening gemaak word, nie van toepassing is nie, moet die verpligtinge wat die bepalinge betreffende sosiale sekuriteit van die Ontvangerstaat aan werkgewers oplê, nakom.

4. Die vrystelling waarvoor in paragraawe 1 en 2 van hierdie Artikel voorsiening gemaak word, verhinder nie vrywillige deelname aan die sosiale sekuriteit-stelsel van die Ontvangerstaat nie mits sodanige deelname deur daardie Staat toegelaat word.

5. Die bepalinge van hierdie Artikel raak nie bilaterale of multilaterale ooreenkomste betreffende sosiale sekuriteit wat voorheen aangegaan is nie en verhinder nie die aangaan van sulke ooreenkomste in die toekoms nie.

Artikel 34

'n Diplomatieke agent is vrygestel van alle persoonlike of saaklike, nasionale, streek- of munisipale regte en belastinge, uitgesonderd:

(a) indirekte belastinge van 'n soort wat normaalweg ingesluit word in die prys van goedere of dienste;

(b) regte en belastinge op private onroerende eiendom geleë in die gebied van die Ontvangerstaat, tensy hy dit namens die Senderstaat vir die doeleindes van die missie besit;

(c) boedel- of erfopvolging- of erfregte gehef deur die Ontvangerstaat, onderworpe aan die bepalinge van paragraaf 4 van Artikel 39;

(d) regte en belastinge op private inkomste wat sy oorsprong in die Ontvangerstaat het en kapitaalbelastinge op beleggings wat in handelsondememings in die Ontvangerstaat gedoen is;

(e) gelde gehef vir bepaalde dienste gelewer;

Act No. 37, 2001

DIPLOMATIC IMMUNITIES AND
PRIVILEGES ACT, 2001

- (f) registration, court or record fees, mortgage dues and stamp duty, with respect to immovable property, subject to the provisions of Article 23.

Article 35

The receiving State shall exempt diplomatic agents from all personal services, from all public service of any kind whatsoever, and from military obligations such as those connected with requisitioning, military contributions and billeting. 5

Article 36

1. The receiving State shall, in accordance with such laws and regulations as it may adopt, permit entry of and grant exemption from all customs duties, taxes, and related charges other than charges for storage, cartage and similar services, on: 10
- (a) articles for the official use of the mission;
- (b) articles for the personal use of a diplomatic agent or members of his family forming part of his household, including articles intended for his establishment. 15

2. The personal baggage of a diplomatic agent shall be exempt from inspection, unless there are serious grounds for presuming that it contains articles not covered by the exemptions mentioned in paragraph 1 of this Article, or articles the import or export of which is prohibited by the law or controlled by the quarantine regulations of the receiving State. Such inspection shall be conducted only in the presence of the diplomatic agent or of his authorized representative. 20

Article 37

25

1. The members of the family of a diplomatic agent forming part of his household shall, if they are not nationals of the receiving State, enjoy the privileges and immunities specified in Articles 29 to 36.
2. Members of the administrative and technical staff of the mission, together with members of their families forming part of their respective households, shall, if they are not nationals of or permanently resident in the receiving State, enjoy the privileges and immunities specified in Articles 29 to 35, except that the immunity from civil and administrative jurisdiction of the receiving State specified in paragraph 1 of Article 31 shall not extend to acts performed outside the course of their duties. They shall also enjoy the privileges specified in Article 36, paragraph 1, in respect of articles imported at the time of first installation. 30 35
3. Members of the service staff of the mission who are not nationals of or permanently resident in the receiving State shall enjoy immunity in respect of acts performed in the course of their duties, exemption from dues and taxes on the emoluments they receive by reason of their employment and the exemption contained in Article 33. 40
4. Private servants of members of the mission shall, if they are not nationals of or permanently resident in the receiving State, be exempt from dues and taxes on the emoluments they receive by reason of their employment. In other respects, they may enjoy privileges and immunities only to the extent admitted by the receiving State. However, the receiving State must exercise its jurisdiction over those persons in such a manner as not to interfere unduly with the performance of the functions of the mission. 45

WET OP DIPLOMATIEKE IMMUNITEITE
EN VOORREGTE, 2001

Wet No. 37, 2001

- (f) registrasie-, hof of rekordgelde, verbandgelde en seëlreg, met betrekking tot onroerende eiendom, onderworpe aan die bepalings van Artikel 23.

Artikel 35

Die Ontvangerstaat stel diplomatieke agente vry van alle persoonlike dienste, van alle openbare dienste van enige aard hoegenaamd, en van militêre verpligtinge soos dié wat verband hou met rekwisisie, militêre kontribusies en inkwartiering. 5

Artikel 36

1. Die Ontvangerstaat moet, ooreenkomstig wette en regulasies wat hy aanneem, binnekoms toelaat van en vrystelling verleen van alle doeaneregte, belastinge en aanverwante gelde uitgesonderd gelde vir bergings-, vervoer- en soortgelyke dienste, op: 10
 - (a) artikels vir die amptelike gebruik van die missie;
 - (b) artikels vir die persoonlike gebruik van 'n diplomatieke agent of lede van sy familie wat deel van sy huishouding uitmaak, met inbegrip van artikels bedoel vir sy vestiging. 15
2. Die persoonlike bagasie van 'n diplomatieke agent is vrygestel van inspeksie, tensy daar ernstige redes bestaan om te vermoed dat dit artikels bevat wat nie gedek word deur die vrystellings wat in paragraaf 1 van hierdie Artikel genoem word nie, of artikels waarvan die invoer of uitvoer verbied word deur die reg of beheer word deur die kwarantynregulasies van die Ontvangerstaat. Sodanige inspeksie moet slegs in die teenwoordigheid van die diplomatieke agent of sy gemagtigde verteenwoordiger uitgevoer word. 20 25

Artikel 37

1. Die lede van die familie van 'n diplomatieke agent wat deel uitmaak van sy huishouding, geniet, indien hulle nie burgers van die Ontvangerstaat is nie, die voorregte en immuniteite wat in Artikels 29 tot 36 gespesifiseer word. 30
2. Lede van die administratiewe en tegniese personeel van die missie, tesame met lede van hulle families wat deel uitmaak van hulle onderskeie huishoudings, geniet, indien hulle nie burgers van of permanent woonagtig in die Ontvangerstaat is nie, die voorregte en immuniteite wat in Artikels 29 tot 35 gespesifiseer word, behalwe dat immuniteit teen die siviele en administratiewe jurisdiksie van die Ontvangerstaat wat in paragraaf 1 van Artikel 31 gespesifiseer word, nie van toepassing is op handeling wat buite die loop van hulle pligte verrig word nie. Hulle geniet ook die voorregte gespesifiseer in Artikel 36, paragraaf 1, ten opsigte van artikels wat ten tyde van eerste vestiging ingevoer word. 35 40
3. Lede van die dienspersoneel van die missie wat nie burgers van of permanent woonagtig in die Ontvangerstaat is nie, geniet immuniteit ten opsigte van handeling wat in die loop van hulle pligte verrig word, vrystelling van regte en belastinge op die emolumente wat hulle as gevolg van hulle diens ontvang en die vrystelling vervat in Artikel 33. 45
4. Private bediendes van lede van die missie is, indien hulle nie burgers van of permanent woonagtig in die Ontvangerstaat is nie, vrygestel van regte en belastinge op hulle emolumente wat hulle as gevolg van hulle diens ontvang. In ander opsigte mag hulle voorregte en immuniteite geniet slegs in die mate waarin dit deur die Ontvangerstaat toegelaat word. Die Ontvangerstaat moet egter sy jurisdiksie oor daardie persone op so 'n wyse uitoefen dat daar nie oormatig met die uitvoering van die funksies van die missie ingemeng word nie. 50

Article 38

1. Except insofar as additional privileges and immunities may be granted by the receiving State, a diplomatic agent who is a national of or permanently resident in that State shall enjoy only immunity from jurisdiction, and inviolability, in respect of official acts performed in the exercise of his functions. 5

2. Other members of the staff of the mission and private servants who are nationals of or permanently resident in the receiving State shall enjoy privileges and immunities only to the extent admitted by the receiving State. However, the receiving State must exercise its jurisdiction over those persons in such a manner as not to interfere unduly with the performance of the functions of the mission. 10

Article 39

1. Every person entitled to privileges and immunities shall enjoy them from the moment he enters the territory of the receiving State on proceeding to take up his post or, if already in its territory, from the moment when his appointment is notified to the Ministry for Foreign Affairs or such other ministry as may be agreed. 15

2. When the functions of a person enjoying privileges and immunities have come to an end, such privileges and immunities shall normally cease at the moment when he leaves the country, or on expiry of a reasonable 20

period in which to do so, but shall subsist until that time, even in case of armed conflict. However, with respect to acts performed by such a person in the exercise of his functions as a member of the mission, immunity shall continue to subsist. 25

3. In case of the death of a member of the mission, the members of his family shall continue to enjoy the privileges and immunities to which they are entitled until the expiry of a reasonable period in which to leave the country. 30

4. In the event of the death of a member of the mission not a national of or permanently resident in the receiving State or a member of his family forming part of his household, the receiving State shall permit the withdrawal of the movable property of the deceased, with the exception of any property acquired in the country the export of which was prohibited at the time of his death. Estate, succession and inheritance duties shall not be levied on movable property the presence of which in the receiving State was due solely to the presence there of the deceased as a member of the mission or as a member of the family of a member of the mission. 35

Article 40 40

1. If a diplomatic agent passes through or is in the territory of a third State, which has granted him a passport visa if such visa was necessary, while proceeding to take up or to return to his post, or when returning to his own country, the third State shall accord him inviolability and such other immunities as may be required to ensure his transit or return. The same shall apply in the case of any members of his family enjoying privileges or immunities who are accompanying the diplomatic agent, or travelling separately to join him or to return to their country. 45

2. In circumstances similar to those specified in paragraph 1 of this Article, third States shall not hinder the passage of members of the administrative and technical or service staff of a mission, and of members of their families, through their territories. 50

3. Third States shall accord to official correspondence and other official communications in transit, including messages in code or cipher, the same freedom and protection as is accorded by the receiving State. They shall accord to diplomatic couriers, who have been granted a passport visa if such 55

WET OP DIPLOMATIEKE IMMUNITEITE
EN VOORREGTE, 2001

Wet No. 37, 2001

Artikel 38

1. Behalwe in soverre die Ontvangerstaat bykomende voorregte en immuniteite mag verleen, geniet 'n diplomatieke agent wat 'n burger is van of permanent woonagtig is in daardie Staat, immuniteit teen jurisdiksie en onskendbaarheid slegs ten opsigte van amptelike handeling wat in die uitvoering van sy funksies verrig word. 5

2. Ander lede van die personeel van die missie en private bediendes wat burgers is van of permanent woonagtig is in die Ontvangerstaat, geniet voorregte en immuniteit slegs in die mate waarin dit deur die Ontvangerstaat toegelaat word. Die Ontvangerstaat moet egter sy jurisdiksie oor daardie persone op so 'n wyse uitoefen dat daar nie oormatig met die uitvoering van die funksies van die missie ingemeng word nie. 10

Artikel 39

1. Elke persoon wat geregtig is op voorregte en immuniteite, geniet dit vanaf die oomblik wanneer hy die gebied van die Ontvangerstaat binnekom op pad om sy pos op te neem of, indien reeds in sy gebied, vanaf die oomblik wanneer daar aan die Ministerie van Buitelandse Sake of die ander ministerie soos ooreengekom, kennis van sy aanstelling gegee word. 15

2. Wanneer die funksies van 'n persoon wat geregtig is op voorregte en immuniteite tot 'n einde gekom het, eindig sodanige voorregte en immuniteite normaalweg op die oomblik wanneer hy die land verlaat, of by verstryking van 'n redelike tydperk waarbinne hy dit moet doen, maar dit duur voort tot op daardie tydstip, selfs in geval van gewapende konflik. Die immuniteit bestaan egter voort met betrekking tot handeling wat deur sodanige persoon in die uitvoering van sy funksies as 'n lid van die missie verrig word. 25

3. In geval van die afsterwe van 'n lid van die missie geniet die lede van sy familie steeds die voorregte en immuniteite waarop hulle geregtig is, totdat 'n redelike tyd verloop het om die land te verlaat.

4. In die geval van die afsterwe van 'n lid van die missie wat nie 'n burger van of permanent woonagtig in die Ontvangerstaat is nie of van 'n lid van sy familie wat deel van sy huishouding uitmaak, laat die Ontvangerstaat toe dat die roerende eiendom van die oorledene onttrek word, uitgesonderd enige eiendom wat in die land verkry is waarvan die uitvoer ten tyde van sy dood verbode was. Boedel-, erfopvolging- en erfregte word nie gehef nie op roerende eiendom wat in die Ontvangerstaat teenwoordig was slegs vanweë die teenwoordigheid van die oorledene as 'n lid van die missie of as 'n lid van die familie van 'n lid van die missie. 30 35

Artikel 40

1. Indien 'n diplomatieke agent deur die gebied reis of in die gebied is van 'n derde Staat, wat aan hom 'n paspoortvisum uitgereik het indien so 'n visum nodig was, terwyl hy op pad is om sy pos op te neem of om na sy pos terug te keer, of besig is om terug te keer na sy eie land, verleen die derde Staat aan hom onskendbaarheid en die ander immuniteite wat nodig mag wees om sy deurgang of terugkeer te verseker. Dieselfde geld in die geval van enige lede van die diplomatieke agent se familie wat voorregte en immuniteite geniet en hom vergesel, of wat afsonderlik reis om by hom aan te sluit of om na hulle land terug te keer. 40 45

2. Onder omstandighede soortgelyk aan dié in paragraaf 1 van hierdie Artikel gespesifiseer, verhinder derde State nie die deurgang van lede van die administratiewe en tegniese of dienspersoneel van 'n missie, en van lede van hulle families, deur hulle gebiede nie. 50

3. Derde State verleen aan amptelike korrespondensie en ander amptelike kommunikasies in transito, met inbegrip van boodskappe in kode of syferkode, dieselfde vryheid en beskerming as wat deur die Ontvangerstaat verleen word. Hulle verleen aan diplomatieke koeriers aan wie 'n paspoortvisum uitgereik is, indien so 'n visum nodig was, en aan 55

Act No. 37, 2001

DIPLOMATIC IMMUNITIES AND
PRIVILEGES ACT, 2001

visa was necessary, and diplomatic bags in transit the same inviolability and protection as the receiving State is bound to accord.

4. The obligations of third States under paragraphs 1, 2 and 3 of this Article shall also apply to the persons mentioned respectively in those paragraphs, and to official communications and diplomatic bags, whose presence in the territory of the third State is due to *force majeure*.

Article 41

1. Without prejudice to their privileges and immunities, it is the duty of all persons enjoying such privileges and immunities to respect the laws and regulations of the receiving State. They also have a duty not to interfere in the internal affairs of that State.

2. All official business with the receiving State entrusted to the mission by the sending State shall be conducted with or through the Ministry for Foreign Affairs of the receiving State or such other ministry as may be agreed.

3. The premises of the mission must not be used in any manner incompatible with the functions of the mission as laid down in the present Convention or by other rules of general international law or by any special agreements in force between the sending and the receiving State.

Article 42

A diplomatic agent shall not in the receiving State practise for personal profit any professional or commercial activity.

Article 43

The function of a diplomatic agent comes to an end, *inter alia*:

- (a) on notification by the sending State to the receiving State that the function of the diplomatic agent has come to an end;
- (b) on notification by the receiving State to the sending State that, in accordance with paragraph 2 of Article 9, it refuses to recognize the diplomatic agent as a member of the mission.

Article 44

The receiving State must, even in case of armed conflict, grant facilities in order to enable persons enjoying privileges and immunities, other than nationals of the receiving State, and members of the families of such persons irrespective of their nationality, to leave at the earliest possible moment. It must, in particular, in case of need, place at their disposal the necessary means of transport for themselves and their property.

Article 45

If diplomatic relations are broken off between two States, or if a mission is permanently or temporarily recalled:

- (a) the receiving State must, even in case of armed conflict, respect and protect the premises of the mission, together with its property and archives;
- (b) the sending State may entrust the custody of the premises of the mission, together with its property and archives, to a third State acceptable to the receiving State;
- (c) the sending State may entrust the protection of its interests and those of its nationals to a third State acceptable to the receiving State.

WET OP DIPLOMATIEKE IMMUNITEITE
EN VOORREGTE, 2001

Wet No. 37, 2001

diplomatiese sakke in transito dieselfde onskendbaarheid en beskerming as wat die Ontvangerstaat verplig is om te verleen.

4. Die verpligtinge van derde State kragtens paragrawe 1, 2 en 3 van hierdie Artikel is ook van toepassing op die persone onderskeidelik genoem in daardie paragrawe, en op amptelike kommunikasies en diplomatieke sakke, waarvan die teenwoordigheid in die gebied van die derde Staat die gevolg van *force majeure* is. 5

Artikel 41

1. Sonder benadeling van hulle voorregte en immuniteite is dit die plig van alle persone wat sodanige voorregte en immuniteite geniet, om die wette en regulasies van die Ontvangerstaat te eerbiedig. Hulle staan ook onder 'n verpligting om nie in die interne aangeleenthede van daardie Staat in te meng nie. 10

2. Alle amptelike besigheid met die Ontvangerstaat wat deur die Senderstaat aan die missie toevertrou is, word met of deur die Ministerie van Buitelandse Sake van die Ontvangerstaat of sodanige ander ministerie soos ooreengekom, gevoer. 15

3. Die perseel van die missie word nie op enige wyse strydig met die funksies van die missie soos bepaal in hierdie Konvensie of deur enige ander reëls van die algemene volkereg of deur enige geldende spesiale ooreenkomste tussen die Senderstaat en die Ontvangerstaat, gebruik nie. 20

Artikel 42

'n Diplomatieke agent mag nie in die Ontvangerstaat enige professionele of handelsaktiwiteit vir persoonlike gewin bedryf nie.

Artikel 43

Die funksie van 'n diplomatieke agent loop ten einde, onder andere:
(a) by kennisgewing deur die Senderstaat aan die Ontvangerstaat dat die funksie van die diplomatieke agent ten einde geloop het;
(b) by kennisgewing deur die Ontvangerstaat aan die Senderstaat dat hy ooreenkomstig paragraaf 2 van Artikel 9 weier om die diplomatieke agent as 'n lid van die missie te erken. 25 30

Artikel 44

Die Ontvangerstaat moet, selfs in geval van gewapende konflik, fasiliteite beskikbaar stel ten einde persone wat voorregte en immuniteite geniet, uitgesonderd burgers van die Ontvangerstaat, en lede van die families van sodanige persone, ongeag hulle nasionaliteit, in staat te stel om op die vroegste moontlike oomblik te vertrek. Dit moet in die besonder in geval van nood die nodige vervoermiddele vir hulself en hulle eiendom tot hulle beskikking stel. 35

Artikel 45

Indien diplomatieke betrekkinge tussen twee State verbreek word, of indien 'n missie permanent of tydelik teruggeroep word:

- (a) moet die Ontvangerstaat, selfs in geval van gewapende konflik, die perseel van die missie, tesame met sy eiendom en argief, eerbiedig en beskerm; 45
- (b) kan die Senderstaat die bewaring van die perseel van die missie, tesame met sy eiendom en argief, opdra aan 'n derde Staat wat vir die Ontvangerstaat aanvaarbaar is;
- (c) kan die Senderstaat die beskerming van sy belange en dié van sy burgers opdra aan 'n derde Staat wat vir die Ontvangerstaat aanvaarbaar is. 50

Article 46

A sending State may with the prior consent of a receiving State, and at the request of a third State not represented in the receiving State, undertake the temporary protection of the interests of the third State and of its nationals.

Article 47

5

1. In the application of the provisions of the present Convention, the receiving State shall not discriminate as between States.

2. However, discrimination shall not be regarded as taking place:

- (a) where the receiving State applies any of the provisions of the present Convention restrictively because of a restrictive application of that provision to its mission in the sending State; 10
- (b) where by custom or agreement States extend to each other more favourable treatment than is required by the provisions of the present Convention.

Article 48

15

The present Convention shall be open for signature by all States Members of the United Nations or of any of the specialized agencies or Parties to the Statute of the International Court of Justice, and by any other

State invited by the General Assembly of the United Nations to become a Party to the Convention, as follows: until 31 October 1961 at the Federal Ministry for Foreign Affairs of Austria and subsequently, until 31 March 1962, at the United Nations Headquarters in New York. 20

Article 49

The present Convention is subject to ratification. The instruments of ratification shall be deposited with the Secretary-General of the United Nations. 25

Article 50

The present Convention shall remain open for accession by any State belonging to any of the four categories mentioned in Article 48. The instruments of accession shall be deposited with the Secretary-General of the United Nations. 30

Article 51

1. The present Convention shall enter into force on the thirtieth day following the date of deposit of the twenty-second instrument of ratification or accession with the Secretary-General of the United Nations. 35

2. For each State ratifying or acceding to the Convention after the deposit of the twenty-second instrument of ratification or accession, the Convention shall enter into force on the thirtieth day after deposit by such State of its instrument of ratification or accession. 40

Article 52

The Secretary-General of the United Nations shall inform all States belonging to any of the four categories mentioned in Article 48:

- (a) of signatures to the present Convention and of the deposit of instruments of ratification or accession, in accordance with Articles 48, 49 and 50; 45
- (b) of the date on which the present Convention will enter into force, in accordance with Article 51.

WET OP DIPLOMATIEKE IMMUNITEITE
EN VOORREGTE, 2001

Wet No. 37, 2001

Artikel 46

'n Senderstaat kan met die toestemming vooraf van 'n Ontvangerstaat en op versoek van 'n derde Staat wat nie in die Ontvangerstaat verteenwoordig word nie, die tydelike beskerming van die belange van die derde Staat en van sy burgers onderneem.

5

Artikel 47

1. By die toepassing van die bepalings van hierdie Konvensie mag die Ontvangerstaat nie tussen State diskrimineer nie.

2. Dit word egter nie as diskriminasie beskou nie:

- (a) waar die Ontvangerstaat enige van die bepalings van hierdie Konvensie beperkend toepas omrede 'n beperkende toepassing van daardie bepaling op sy missie in die Senderstaat; 10
- (b) waar State volgens gewoonte of ooreenkoms meer gunstige behandeling as wat deur die bepalings van hierdie Konvensie vereis word, aan mekaar verleen. 15

Artikel 48

